HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Nuusbrief

28 Junie 2021

Liewe ouers, leerders en personeel

Vlak 4

Ek vertrou dit gaan goed. Pas julle self in hierdie tyd op.

Na aanleiding van President Ramaphosa se aankondiging op Sondag 27 Junie en Minister Angie Motshekga se mediakonferensie op 28 Junie die volgende:

1. Skole sluit vir leerders op Woensdag 30 Junie 2021 en vir die personeel op Vrydag 2 Julie 2021. Dus sal Woensdag 30 Junie se eksamen afgehandel word.
2. Skole begin vir almal op Maandag 19 Julie 2021. Indien die infeksiekoers hoog bly, is daar 'n moontlikheid dat die skole later sal begin. Die President het aangedui dat die situasie na 14 dae weer geëvalueer word.

Die eksamen/assessering van Hoërskool Outeniqua van die tweede kwartaal sal as volg afgehandel word:

Vraestelle van:

- 1 Julie word op Saterdag 24 Julie geskryf.
- 2 Julie word op Maandag 26 Julie geskryf.
- 5 Julie word op Maandag 19 Julie geskryf.
- 6 Julie word op Dinsdag 20 Julie geskryf.
- 7 Julie word op Woensdag 21 Julie geskryf.
- 8 Julie word op Donderdag 22 Julie geskryf.
- 9 Julie word op Vrydag 23 Julie geskryf.

Ons almal het 'n verantwoordelikheid om gedurende die vakansie by die Covid-regulasies te hou.

1. Vermy asseblief plekke waar baie mense bymekaarkom.
2. Dra maskers.
3. Saniteer en was hande gereeld.
4. Wees asseblief veilig!

Baie sterkte in hierdie ongewone tye.

Kwagga groete

C. P. Vorster
Skoolhoof